Oproep tot lof

Ons is hier in God se naam
Daarom is Hy by ons
Dat Hy kan lewe in ons loflied
Nooi ek jou nou tot aanbidding
Kom ons bring lof aan Hom

Omdat U ons Vader is
Groot in almag bo die skepping
En vir u eindelose liefde
Uit ons harte Hemelvader
Bring ons nou lof aan U

Ons bely U is ons God
Ons kniel nederig voor u voete
Lê ons lewens op die altaar
Net soos U vir ons kom leer het
Bring ons so lof aan U

Ons is hier in God se naam
En ons glo U is hier by ons
Kom dan en lewe in ons loflied
Neem ons offer van aanbidding
Ons bring al ons lof aan U

Bring alleen net lof aan U

God van die skepping

God van die skepping - Ons Koning en Heer
God wat vir ewig oor alles regeer
Alfa - Omega verhewe in krag
U is ons Vader vol liefde en mag

Woord van die Vader - Ons Redder en Hoop
Groot en magtige Krygsman wat vooraan bly loop
Immanuel met ons - Ons Kruisofferlam
Jesus die Christus - Leeu uit Judastam

Hulp van ons Vader - o Heilige Gees
U wat ons leer om gehoorsaam te wees
U gee ons leiding en hulp onverdiend
U is ons Trooster - ons Voorspraak - ons Vriend

Voor God drie-enig juig ons as U bruid
U lei en leer ons - U stap voor ons uit
Gebede soos wierook styg op na U troon
Louter genade dat U in ons woon

Vader en Seun en Heilige Gees
Hy wat ons Koning vir ewig sal wees
Liefde uit Liefde het na ons toe gekom
En ons bring in liefde weer lof terug aan Hom
Uit dankbaarheid bring ons weer lof net aan Hom

Jesus van Patmos

Tussen sewe goue kandelare
Staan die God-Seun Hemelvors
Sy kleed was lank tot aan sy voete
‘n Band van goud was oor sy bors
Jesus Christus - Ons Immanuel
Hy wat aan die kruis moes ly
Bring verlossing vir jou en my

Sy hare soos wol - Soos sneeu in sonskyn
Sy oë het soos vuur gevlam
Sy voete brons gloeiend in die smeltoond
Soos water dreun die stem van die Lam
Jesus Christus - Hemelkoning
Hy wat op die wit perd ry
Bring oorwinning vir jou en my

In sy hand die sewe sterre
Uit sy mond die twee-kant-lem
Sy voorkoms soos die son se strale
Vol liefde hoor ons weer sy stem
Wees nie bang nie - Ek’s eerste en laaste
Ek was regtig dood maar kyk
Ek lewe tot in ewigheid

Ek hou die sleutels van die doderyk
In sonde was jy dood maar kyk
Jy sal lewe tot in ewigheid
Saam - met - my - lewe - tot - in - ewigheid

Maak ons in U een

Aan U Abba Vader - Alle lof en eer
Bron van lewe - Bron van liefde
Tot in ewigheid ons Heer

Vader ons aanbid U
en ons loof u Seun
Kom o Gees en vul ons harte
Maak ons in U een

Jesus ons Verlosser
Oorwin die dood en hel
Lam geslag – ons Kruishout-offer
Ons Immanuel

Heilige Gees ons Trooster
U wat leer en lei
Rig ons lewens, maak gehoorsaam
Verhoog so Jesus hier in my

Vader ons aanbid U
en ons loof u Seun
Kom o Gees en vul ons harte
Maak ons in U een

Maak ons in U een

Jesaja 6

Die hoogste troon
Met glans omhul
Waar God se kleed
Die tempel vul

Serafs besing
Sy majesteit
Heilig is Sy
teenwoordigheid

Die drumpels dreun
En rook verskyn
Ek het God gesien
Ek is onrein

Met skuld versoen
Deur altaarvuur
Staan ek voor U
Dat U my kan stuur

Die liefde

Al ken ek die taal van die engele
Maar ek praat sonder liefde in my
Klink ek net soos die klank van simbale
Sal my gawes als nutteloos bly
    Die liefde is geduldig en vriendelik
    Dit bedek, hoop, verdra en dit glo
    Sonder kwaad en verheug oor die waarheid
    Die liefde bly ewig lank so

Al het ek die gawe van lering
Al sou ek geheime kon ken
En al skuif my geloof ook die berge
Sonder liefde sou ek niks daaruit wen

In my kleintyd was alles so anders
Ek het gedink en gepraat soos ‘n kind
Maar nou dat ek groot en ‘n man is
Het ek waarheid in liefde gevind

Nou kyk ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel
En sien net ‘n vae dowwe beeld
Nou verstaan ons maar net ‘n klein deeltjie
Maar eendag sien ons als onverdeeld
    Nou bly geloof, hoop en liefde
    Drie dinge wat altyd sal bly
    Maar die grootste van als is die liefde
    Die liefde van my Vader vir my

Heilig is ons God

Heilig - Heilig
Die engele roep : Heilig
Heilig is die Een op die troon
Sterke God en Vors van vrede
aan U ons dankgebede
Heilig Heilig Heilig is ons God

Waardig - Waardig
U alleen is waardig
Waardig is die Naam bo elke naam
Waardig en bo als verhewe
U is die bron van alle lewe
Waardig Waardig Waardig is ons God

Heilig - Heilig
U kinders roep ook : Heilig
Heilig is die Een hier in ons hart
U goedheid Here - Abba Vader
U liefde trek ons altyd nader
Heilig Heilig Heilig is ons God

En die vier lewende wesens naby die troon
het elkeen ses vlerke gehad
wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was
Hulle het sonder ophou dag en nag gesê :

Heilig Heilig Heilig is die Here God
die Almagtige wat was en wat is en wat kom !

Pelgrimslied

O ek kyk na my berge-pad
En wonder waar ek hulp sal kry
My hulp kom van die Here
Die Skepper van die heelal

Ja Hy sal sorg dat jy nie struikel nie
Hy sluimer en Hy slaap nooit nie
Hy's naby jou in doodsgevaar
Beskermer van Israel

Sou son of maan jou leed wou doen
Jou lewe sal Hy trou bewaar
Oral waar jy ookal heen mag gaan
Vir nou en vir ewig

Ek kyk op en sien my berge-pad
En ek weet waar ek hulp sal kry
My hulp kom van die Here
Die Skepper van die heelal

Die Skepper van die heelal

So is u liefde vir my

Dieper as die oseane
Wyer as die horison
Hoër as pieke van berge
Warmer nog as die son
Kosbaarder as diamante
Yweriger as ‘n by
Wyser as al die geleerdes
So is u liefde vir my

Helderder as die sterre
Soet soos die lag van ‘n kind
Veel sterker nog as orkane
Mooier as ‘n skat wat mens vind
Lankmoediger nog as jou ouers
Betroubaarder as die gety
Groter as groot wêreldstede
So is u liefde vir my

U lewe as prys aan die kruishout
Gee U in liefde vir my

As jy met trane saai

O hoor die nasies praat :
Kyk wat het God gedoen
Soos ‘n droom het Hy Sion se lot versoen
Hy’t hulle vrygemaak van die slaweband
En hulle teruggebring uit ‘n vreemde land

Al loop jy en huil terwyl jy die saaisak dra
Sal jy lag en sing as jy die oes inbring
En as jy met trane saai
in ‘n land van die koningkryk
Kom jy juigend terug
Dra jy jou saad se vrug
Al juigend agterna
As jy die gerwe dra

Droë spruite wag in ons Suiderland
Vir waterstrome uit God se hand
O Here bring ons terug na u vrederyk
Ons wil graag meer soos Jesus lyk

En al loop ons en huil
terwyl ons die saaisak dra
Sal ons lag en sing - as ons die oes inbring
En as ons met trane saai
in ‘n land van die koningkryk
Kom ons juigend terug
Dra ons ons saad se vrug
Al juigend agterna - As ons die gerwe dra

So groot wonder

Ek sit alleen hier buite in die laatnag-uur
Ek hoor slegs die geluide van die knetterende vuur
Vanuit die sterrehemel kyk U op ons neer
In die grote heelal ken U mý o Heer

Ek dink aan verre lande in U groot meesterplan
Daar is dit nou al môre - U weet daar alles van
Daar bly miljoene mense van wie ek so min weet
Dis regtig so groot wonder dat U my nooit vergeet

Ek kan dit nie verstaan nie
Dit is te groot vir my
Dat U na my omsien
Dat U lief kan wees vir my

Daar is miljoene mense van wie ek so min weet
Dis regtig so groot wonder dat U my nooit vergeet

Dis regtig so groot wonder … dat U my nooit vergeet

Onder u vleuels

Somtyds voel ek hartseer, alleen
En koud as die nag oor my vou
Maar U beskerm my - by U kan ek skuil
In u hand sal U my veilig hou
U is my Toevlug my Vesting my Rots
My God op wie ek vertrou
Here stuur engele om oor my te waak
Bewaar my waar ek ookal gaan

Soms as ek struikel en val langs die pad
Dan glo ek ek het verloor
Maar omdat ek U liefhet sal U my red
As ek roep dan sal U my hoor
U is my Toevlug - my Vesting my Rots
My God is altyd by my
U stuur u engele om oor my te waak
Oor u hulp sal ek my verbly

By U skuil ek
U verhoor my gebed

‘n Baie lang lewe gee U vir my
Oor u hulp sal ek my verbly
Oor u hulp sal ek my verbly

Laat my veilig in U bly

Here Jesus – Rots vir my
Laat my veilig in U bly
Deur U lyding en U dood
en U bloed gestort vir my
Staan ek hier aan U verbind
Vrygekoop – ‘n Koningskind

Al my lofsange gesing
Al die offers wat ek bring
Kan my skuld tog nooit verhaal
U moes red – U moes betaal
Met leë hande – kom ek nou
om aan die kruishout vas te hou

In my gees lê die hemel voor
Ek hoor reeds die engelkoor
En ek sien die hemeltroon
en U glorieryke kroon
God van liefde – Rots vir my
Laat my veilig in U bly

En ek sien die hemeltroon
en U glorieryke kroon
God van liefde – Rots vir my
Laat my veilig in U bly
Laat my veilig in U bly

Kom Here Jesus kom (Oorwinningslied)

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning Hy regeer
    Loof Hom, prys Hom Halleluja
    Hy is Koning Hy regeer

Die Here is ons Vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy is ons Skuiling - Hy is ons Wapen
Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die Rots wat ewig staan
    Loof Hom, prys Hom Halleluja
    Hy is die Rots wat ewig staan

Kom deel nou in ons loflied hef jou hande op na bo
Blaas basuine slaan op dromme en kom dans voor God se oë
Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo
Want sy Woord sal ewig staan
    Loof Hom, prys Hom Halleluja
    Sy Woord sal ewig staan

Ek glo dat Jesus Christus weer sy bruid gaan kom haal
Ek glo die Vader het al reeds die dag en uur bepaal
Ek sien al klaar die feestelike hemel-bruilofsaal
En die tafel met ons bruilofsmaal
    Die Gees en die bruid sê: Maranatha
    Kom Here Jesus kom